

WinskoopToere

DROOM · LEEF · REIS

# Luilekker Kroasië-boottoer 2026







**KROASIË**

**R70,000-R74,000 P.P.**

**2 - 13 JULIE 2026**

# TOER SAAM!

## 2 - 13 Julie 2026

ERVAAR DIE BESTE VAN KROASIË SAAM MET

Winskoop Toere

- Dag 1 Johannesburg
- Dag 2 Dubrovnik
- Dag 3 Dubrovnik & Slano
- Dag 4 Slano & Mljet
- Dag 5 Mljet, Bol & Hvar
- Dag 6 Hvar & Trogir
- Dag 7 Trogir & Makarska
- Dag 8 Makarska & Korčula
- Dag 9 Korčula & Dubrovnik
- Dag 10 Dubrovnik
- Dag 11 Dubrovnik
- Dag 12 Johannesburg

**"ONS BOOT. ONS MENSE. ONS PARADYS."**






## KROASIË

HOOFSTAD: ZAGREB
TAAL: KROATIES
GELDEENHEID: EURO(€)

---

## VISUM- EN PASPOORTVEREISTES

VISUM: SCHENGENVISUM DEUR KROASIË.
PASPOORT: GELDIG VIR TEN MINSTE DRIE MAANDE NA JOU BEPLANDE TERUGKEER NA SUID-AFRIKA.

---

## WEERVOORSPELLING

22-32°C
MATIG TOT WARM MET 'N MOONTLIKHEID VAN REËN

---





# Ons toerprys is R74,000 p.p.

## wat deel (Hoofdekkajuit)

# R70,000 p.p.

## wat deel (Onderdekkajuit)

(€1 = R20.50)




**LET WEL:**

GEEN ekstra betalings vir groepsaktiwiteite word tydens die toer van ons toerlede gehef nie.





## KYK WAT IS ALLES IN ONS TOERPRYS INGESLUIT:

- Ekonomieseklas-retoervliegkaartjie van Johannesburg na en van Dubrovnik. 'n Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad is op aanvraag beskikbaar;
- Lughawebelasting - mag toeneem a.g.v. wisselkoersverandering (tans geen);
- Gerieflike verblyf (bed en buffetontbyt) in dubbel- of twinkamers, elk met eie badkamer, in 'n viersterhotel in Dubrovnik;
- Bootvaart vir agt dae op ons eie privaatboot, Die Admiraal;
- Buffetontbyt aan boord elke oggend;
- Driegangmiddagete met 'n kaas- en slaaibar aan boord elke dag;
- *Captain's Dinner* met apéritief en gesellige vermaak aan boord;
- Tradisionele Kroatiese aandete;
- Vervoer vir groepsuitstappies en -bewegings in Dubrovnik;
- Twee ervare toerleiers vergesel die toer en neem met kundigheid en vriendelikheid die leiding. Wees ook gerus: Daar is dus altyd ‘n ekstra persoon wat in geval van nood hulp kan verleen;
- Gekwalifiseerde Engelssprekende plaaslike gids in Dubrovnik;
- Fooie vir die busbestuurder (€8);
- Toeristebelasting en hawefooie vir die week op die boot (€60).




## DIE VOLGENDE EKSTRAS IS OOK BY DIE PRYS INGESLUIT:

- Verwelkomingsdrankie;
- Koffie en tee ná middagete;
- Gratis water vanaf die waterfontein;
- Olyfolie- en wynproe aan boord;
- Daaglikse vars vrugte en peuselhappies;
- Daaglikse kajuitdiens en handdoekvervanging;
- Vars beddegoed halfpad deur die week;
- Pantoffels en kamerjasse beskikbaar op versoek;
- Strandhanddoeke;
- Gratis draadlose internettoegang (Wi-Fi);
- Lugverkoelde eetkamer met kroegarea en LCD-televisie;
- Portierdienste.

## WAT IS NIE INGESLUIT NIE?

- Visumkoste;
- Reisversekering (LW: Sommige reisversekeringsopsies vereis dat jy dit moet aktiveer binne 24h of 48h nadat jy jou deposito aan WinskoopToere betaal het. Tree gerus met ons in verbinding vir meer inligting.);
- Enige ander toegangsgelde en uitstappies wat jy op jou eie onderneem – volgens jou eie voorkeur;
- Fooitjies en uitgawes van persoonlike aard, o.a. fooitjies vir die bemanningslede.

## Dag 1 - Do. 2 Julie 2026

### JOHANNESBURG

Ons groep vertrek vanaf O.R. Tambo Lughawe in **Johannesburg** na Dubrovnik. ('n Beperkte aantal retoervliegkaartjies vanaf Kaapstad is soms op aanvraag beskikbaar.)

**ETES EN DRANKIES INGESLUIT**





Dubrovnik

## Dag 2 - Vry. 3 Julie 2026

### DUBROVNIK

Ons arriveer in **Dubrovnik** en ons vakansie begin met 'n interessante stadsbesigtigingstoer van Dubrovnik te voet, onder leiding van 'n plaaslike gids. Na die besigtigingstoer het toerlede vrye tyd om die stad op hulle eie te verken. Jy kan op die stadsmure gaan loop of met die kabelkar teen die berg opry. Bo-op die berg het mens 'n wonderlike uitsig oor die stad en die **Adriatiese-kus**. Die stappers onder ons kan hier op die rand van die berg 'n hele ent gaan stap en die asemrowende natuurtonele indrink. Bo-op die berg is daar ook 'n restaurant waar mens kan ontspan en 'n drankie geniet.

Later gaan ons saam na ons viersterhotel. Ons geniet saam aandete.

**AANDETE: HOTEL**
**OORNAG: DUBROVNIK**



Dubrovnik


## Dag 3 - Sa. 4 Julie 2026

### DUBROVNIK - SLANO

Vanoggend geniet ons ontbyt by ons hotel. Ons span luilekker langs die swembad of die see uit om solank die regte vakansiegevoel te ervaar.

Later begin ons lieflike vaart vir agt dae op ons eie luukse privaatboot, Die Admiraal.

Ons gaan by Gruž-hawe aan boord. Ons vaar na die rustige vissersdorp **Slano**, bekend vir sy olyfboorde, wingerde en helder water. Hiér kan jy swem en ontspan langs die see, wandel langs die kuslyn of deur olyf- en denneboorde, of jy kan na die klein kerkies en kapelle in die dorpie gaan kyk.



Slano

**ONTBYT: INGESLUIT**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**



Mljet

## Dag 4 - So. 5 Julie 2026

### SLANO - MLJET

Ons vertrek vroeg vanoggend na **Mljet**, 'n ware juweel van Kroasië.

Terwyl ons vaar, geniet ons 'n lieflike buffetontbyt aan boord. Later geniet ons ook 'n driegangmiddagete op ons boot.

In Mljet kan jy die middag spandeer om die soutwatermere en groen natuur te geniet. Baie mense noem dit die groenste eiland van die Adriatiese See.

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**



Die Admiraal

## Dag 5 - Ma. 6 Julie 2026

### MLJET - BOL - HVAR

Vroegoggend vaar ons na **Bol**, terwyl ons smul aan 'n buffetontbyt aan boord. Bol is die tuiste van die ikoniese Zlatni Rat (Golden Horn) strand. Dit is 'n knus mediterreense dorp met klipstraatjies, plaaslike kafees en rustige Kroatiese leefstyl. Ons geniet 'n lieflike driegangmiddagete op ons boot. Daarna vaar ons na **Hvar**, die stylvolle son-eiland. Hier kan jy die Renaissance-katedraal van St. Stephen en sy oorspronklike toring, sowel as die oudste gemeenskapsteater in Europa ontdek. Maak ook seker jy proe van hul plaaslike wyn en olyfolie!

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**AANDETE: CAPTAIN'S DINNER AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Mljet


Bol

## Dag 6 - Di. 7 Julie 2026

### HVAR - TROGIR

Na ontbyt vaar ons na die antieke dorpie **Trogir**. Hierdie dorpie is tussen die 13de en 15de eeu gebou. Dit is vandag ook 'n Wêrelderfenisgebied.

Trogir se ou stadskern is 'n betowerende doolhof van klipstegies, kleurvolle markte en indrukwekkende argitektuur. Die helderblou waters, sjarmante hawetjie en rustige Mediterreense atmosfeer maak dit die perfekte plek om te ontspan en eilandlewe ten volle te geniet.

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Trogir


Trogir

# Dag 7 - Wo. 8 Julie 2026

## TROGIR - MAKARSKA

Ons geniet vanoggend weer 'n bufffetontbyt aan boord terwyl ons na **Makarska Riviera** vaar.

Makarska is beroemd vir sy lang wit klippiestrande en kristalhelder water, sowel as sy lewendige strandpromenade langs die see met palmbome, koffiewinkels, restaurante en markstalletjies.

Vanaand geniet ons die *Captain's Dinner* met gesellige vermaak aan boord.

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: CAPTAIN'S DINNER AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Makarska


Korčula

# Dag 8 - Do. 9 Julie 2026

## MAKARSKA - KORČULA

Vanoggend geniet ons ons buffetontbyt aan boord en vaar na **Korčula**, die geboorteplek van Marco Polo. Die stad is omring met bewaarde middeleeuse stadsmure en torings. Die strate is in 'n visgraatpatroon uitgelê – uniek en perfek om te ontdek. Buite die ou stad wag daar talle klein afgeleë baaitjies om by te swem en te ontspan. Ons geniet 'n lieflike driegangmiddagete aan boord.

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**


Korčula

## Dag 9 - Vry. 10 Julie 2026

### KORČULA - DUBROVNIK

Ons smul aan ons buffetontbyt aan boord en vaar na **Dubrovnik**. Ons ontspan aan boord en geniet later ook 'n lekker middagete. Dubrovnik is wêreldbekend vir sy stadsmure wat die hele ou stad omring (1.94km!). Dwaal deur die Stradun – die hoofstraat vol klein stegies, pleintjies en winkeltjies.

**ONTBYT: AAN BOORD**
**MIDDAGETE: AAN BOORD**
**OORNAG: AAN BOORD**







## Dag 10 - Sa. 11 Julie 2026

### DUBROVNIK

Vanoggend geniet ons vir oulaas ontbyt aan boord en neem ons hartlik afskeid van die bemanning en nuwe vriende. Ons het weer vrye tyd om Dubrovnik verder te verken. Ons geniet 'n tradisionele Kroatiese aandete as groep saam.

Ons oornag in ons viersterhotel in Dubrovnik.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: KROATIESE ETE**
**OORNAG: DUBROVNIK**

## Dag 11 - So. 12 Julie 2026

### DUBROVNIK

Ons geniet vanoggend vir oulaas ontbyt in ons hotel. Ons het nog heerlike vrye tyd in Dubrovnik voordat ons na die Dubrovnik lughawe vertrek om na Suid-Afrika terug te keer met 'n vol hart, Adriatiese seesand nog tussen ons tone en songebrande bewyse van ons onvergeetlike vakansie.

**ONTBYT: INGESLUIT**
**AANDETE: HOTEL**
**OORNAG: BUDVA**







## Dag 12 - Ma. 13 Julie 2026

### JOHANNESBURG

Ons land op O.R. Tambo Lughawe, verryk deur hierdie luilekker vakansie deur Kroasië!

**WinskoopToere behou die reg om die prys en toerprogram te wysig.









# KLIEK HIER OM TE BESPREEK

OF BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING

"Die Kroasië-boottoer was 'n heerlike avontuur en tog so ontspannend. Mens weet nooit watter mooi vir jou wag op die volgende eiland nie. Ek sal dit sterk aanbeveel vir almal wat 'n Europese vakansietoer uit 'n ander perspektief wil ervaar."

- *Dirkie Nell*

"Die boottoer in Kroasië het 'n blywende indruk op my gemaak. Wat is mooier as 'n gesellige ete terwyl die pragtige kuslyn stadig in die agtergrond verby gly? Die groot voordeel van 'n boot is dat jy die dorpe kan verken en op jou eie tyd na jou kajuit kan terugkeer – dit is uiters gerieflik. Dit het vir my gevoel asof ek die gemak van my eie huis saam op die toer gehad het.

- *Liezel Smith*







